HAT Afrikaanse skoolwoordeboek

Doel: Ontwikkel ’n begrip van die verskillende soorte selfstandige naamwoorde
Woordeboekvaardigheid: Slaan woorde na en onderskei tussen woordsoorte
Take: Vind selfstandige naamwoorde en plaas hulle in die regte groepe

Aktiwiteit 1

Soortname benoem lede van ’n ***algemene kategorie*** van mense, diere en dinge. ►Soek tussen die trefwoorde in jou woordeboek die soortname in die eerste kolom op bladsy 93 en skryf hulle hier neer.

1 _____ 2 _____

Aktiwiteit 2

Versamelname is die name van ***groepe*** mense of dinge. ►Soek in jou woordeboek twee versamelname in die tweede kolom op bladsy 572 en skryf hulle hier neer.

1 _____ 2 _____

Aktiwiteit 3

Massaname dui sake aan wat as ’n ondeelbare massa gesien word en ***nie los, telbare eenhede*** is nie. ►Soek in jou woordeboek twee massaname in die eerste kolom op bladsy 463 en skryf hulle hier neer.

1 _____ 2 _____

Aktiwiteit 4

Maatname dui ***hoeveelheid*** aan as hulle saam met ’n massanaam gebruik word. ►Soek in jou woordeboek ’n maatnaam op bladsy 134 en skryf dit hier neer.

1 _____

Aktiwiteit 5

Eiename is die spesiale name waarmee mense of dinge ***uniek*** geïdentifiseer word. ►Soek in jou woordeboek ’n eienaam op bladsy 654 en skryf dit hier neer.

1 _____

Aktiwiteit 6

Abstrakte selfstandige naamwoorde is die name van dinge wat jy kan ervaar of waarvan jy bewus kan wees, maar wat ***nie in die fisiese wêreld*** bestaan ***nie.*** ►Soek in jou woordeboek twee abstrakte selfstandige naamwoorde op bladsy 652 en skryf hulle hier neer.

1 _____ 2 _____

PEARSON

Hierdie werkblad mag gekopieer word © Pearson Education SA **www.hat-longman.co.za**